



**LAERSKOOL
DANIE MALAN**

**Malanhe
Maatjies**

GRAAD



SENTRUM

By ons Graad R – skool, is drie pragtige klasse. Ons kom by die skool en bêre ons tasse. Hier's baie maatjies om mee te speel, en ek weet jy sal jou nooit verveel.

Ons teken en verf, ons knip en plak en bou met die blokke op juffrou se rak. Ons leer hier om te gooi en vang. Vir 'n moeilike legkaart is ons nie bang!

Dis vorms en kleure - rooi, geel, blou en groen. Hier leer ons speel-speel om alles te doen. Ons luister musiek en dans in 'n kring, ons Juffrou weet net hoe om ons te laat sing!

Ons eet gou 'n broodjie en drink bietjie sap, voor ons flink na die speelgronde stap. Ons bou sandkastele, ons klim en ons klouter, hier is ruimte vir elke feëtjie en kabouter.

Nou bly daar nog net die heel beste oor - Dis tyd vir ons om 'n storie te hoor! Vanaand moet ons vroeg gaan slaap, anders sit ons môre in die klas en gaap.



Visie

- Om elke kind tot sy volle potensiaal te ontwikkel in 'n kindervriendelike, waarde-gedrewe omgewing.

Kleredrag

- Die Graad R leerlinge dra gewone klere sodat hulle gemaklik kan rondbeweeg.

Skoolure

- Die Graad R klasse begin stiptelik om 08:00.
- Daar sal daaglik toesig van 07:00 af wees.
- Die skool kom daaglik 13:00 uit, maar daar sal toesig tot 14:00 wees as die res van die skool uitkom.
- Die skool verdaag om 11:00 op die laaste dag van elke kwartaal.
- Die Graad R sentrum sluit op skoolvakansiedae en skoolvakansies.
- Die dag voor die skool begin in Januarie kom die Graad R leerlinge na die klas vir 'n kuierdag van 09:00 tot 10:00. Die leerlinge gaan saam met hul juffrou kuier terwyl ma en pa heerlik onder die bome koeldrank drink en mekaar leer ken.

Akademie

- Ons skool se Akademie is puik.
- Ons gekwalifiseerde onderwysers help die maats om maklik in te skakel by die "groot skool".

Kontakbesonderhede

- Straatadres: Koos de La Reystraat 279, Pretoria-Noord
- Posadres: Posbus 16163, Pretoria-Noord, 0116
- Telefoon: (012) 546-1358/68
- Faks: (012) 546-0705
- Eposadrese

Hoof: Hettie Smith	hoof@daniemalan.co.za
Algemene Navrae	navrae@daniemalan.co.za
Inskrywings en afwesighede:	ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies:	finansies@daniemalan.co.za
Naskool	naskool@daniemalan.co.za

Personeel

- Die Graad R personeel is gekwalifiseerde onderwysers.
- Daar is 'n Klasassistent in elke klas om die juffrou te help.

- Daar is nie meer as dertig kinders per klas nie.

Inskrywings

- Die inskrywings open gewoonlik na die April vakansie.
- Voltooi die aansoekvorm en gee in saam met afskrifte van:
 - Geboortesertifikaat – onverkorte (“unabridged”)
 - Inentingsertifikaat
 - Ouers se ID dokumente
 - Oorspronklike water-en elektrisiteitsrekening
- Die aansoekvorms is beskikbaar by die kantoor en op ons webtuiste.

Skoolgelde

- Die skoolgeld vir 2018 is R9 640 per jaar betaalbaar in elf paaiemente.
- Die eerste paaiement is betaalbaar wanneer die skool open in Januarie en die tweede paaiement einde Januarie.
- Die skoolgeld vir 2019 word met ‘n Algemene Ouervergadering bepaal aan die einde van 2018 en styg gewoonlik met 8%.
- Die skoolgeld is verpligtend. Geen vrystelling word toegestaan.
- Betalings kan gemaak word per debietorder, internet of direkte deposito’s, tjek of kontant.
- Indien u kind die skool gaan verlaat, moet u asb. een kalender maand skriftelik kennis gee. U is aanspreeklik vir die fooie van die betrokke kennismaand, ongeag of u kind die skool bywoon of nie.
- Skoolgeld is voor die sewende (7de) van elke maand betaalbaar. Geen vooruitgedateerde tjeks is aanvaarbaar nie. Die maandelikse fooie is ten volle betaalbaar vir tien maande van die jaar. D.w.s. die volle bedrag word ook betaal vir maande waartydens daar skoolvakansie is. Geen korting word toegestaan nie.
- Die Beheerliggaam behou hom die reg voor om leerlinge die voorreg om die sentrum by te woon, te ontsê, indien ouers versuim om die fooie te betaal of agterstallig raak met die betaal daarvan.
- **Bankbesonderhede:**
 - **Bank:** ABSA Pretoria-Noord
 - **Rekeningnommer:** 060260028
 - **Tak kode:** 509145

Kommunikasie

- Die skool gee weekliks Omsendbriewe uit aan ouers. Dit word ook aan die ouers ge-epos en is ook beskikbaar op die “School communicator” en webblad.
- Belangrike inligting word per SMS aan die ouers gekommunikeer.
- Daar is elke kwartaal ‘n oueraand.
- Afsprake kan met die klasonderwyser gemaak word as u iets met haar wil bespreek.

- Ons plaas gereeld foto's en inligting op "Facebook". Gaan besoek gerus ons amptelike blad.
- Ons skool maak ook gebruik van die toepassing "School communicator" wat op enige slimfoon en rekenaar gelaai kan word.
- U kind ontvang elke kwartaal 'n rapport.

Speelgoed

- Geen speelgoed mag skool toe gebring word nie – dit breek, raak weg en veroorsaak onenigheid.

Kos

- Pak asseblief voedsame kos vir twee pouses in.
- Ons stel 'n voedsame toebroodjie, joghurt en vrugte voor.
- Water of koeldrank moet ook saamgestuur word. Maak asseblief seker dat die bottel nie lek nie en ook nie kan breek nie.
- Geen snoeperye in die kosblik nie, want dit maak die kinders hiperaktief.

Verjaarsdae

- Die leerlinge mag lekkergoedpakkies saambring op die dae wat hul verjaar.
- Moet asseblief nie groot koeke skool toe stuur nie.

Medisyne

- Alle medisyne moet asseblief duidelik gemerk word en die gebruiksaanwysings moet duidelik uitgestip word in die Medisynereregister.
- GEEN medisyne sal toegedien word as die Medisynereregister nie volledig ingevul is nie.
- Elke onderwyseres sal haar eie klas se medisyne toegesluit hou in haar klas, in 'n toepaslike houer wat daarvoor voorsien is.
- Na die nodige toediening sal die onderwyseres ook die Medisynereregister teken en dan sal die medikasie weer tot aan die einde van die skooldag toegesluit word.
- GEEN vitamienestrope en -pille sal daaglik toegedien word nie, slegs die noodsaaklikste medikasie.

Naskool

- Danie Malan het 'n naskool.
- Die naskool is oop van na skool tot 18:00.
- Die naskool is vakansies ook oop.
- Die naskool gee voedsame kos.
- Die koste vir 2018 is R9 790 per jaar betaalbaar oor 11 maande. Die naskoolgeld behoort met 8% te verhoog in 2019.
- Die Graad R leerders bly by die Graad R sentrum.

Makro en My-school kaarte

- Onthou om asseblief seker te maak dat u Makro en “My school” kaarte aan Danie Malan gekoppel is. Sodoende kan u baie geld met u aankope vir die skool maak sonder om ‘n vinger te verroer. Gebruik ook asseblief u “My school kaart” elke keer as u Woolworths, Reggies, Engen, Toys R Us, en Waltons besoek. As u nie reeds ‘n “My school kaart” het nie, doen nou aansoek, deur 0860100445 te skakel of besoek hul webwerf by www.myschool.co.za.
- Maak seker u Makro kaart is gekoppel aan Laerskool Danie Malan.

Snoepie

- Die kleuters mag slegs Vrydae ons eie snoepie besoek.
- Pak op snoepie-dae steeds toebroodjies in.
- Dit is nie verpligtend dat u kind Vrydae by die snoepie iets koop nie.

Veiligheid

- U kind se veiligheid is vir ons ‘n prioriteit.
- Ons het ‘n veiligheidswag wat by die ingang van Jan van Riebeeckstraat diens doen.
- Die naskole se bussies laai die kinders by ‘n spesiale hek by die skoolterrein op.
- Die skolierpatrollie, saam met puntdiensbeamptes help die leerders oor die pad.
- Die skool se hekke is gesluit tydens skoolure. Die hek by Koos de La Reystraat kan deur ouers gebruik word gedurende skoolure.
- Geen ouer mag binne skoolure binne die terrein wees of buite die klas vir hul kinders wag nie.
- Leerlinge wat vroeër gehaal word, sal slegs die skoolterrein mag verlaat, indien die ouer of voog, of iemand wat skriftelike toestemming het, die kind uitgeteken het by die kantoor.

Graad R neem deel aan

- Daar is ‘n Graad R Atletiekdag aan die begin en einde van die jaar..
- Daar is Bulletjie Rugby waaraan die seuns en dogters kan deelneem in kwartaal 1 en 2.
- Daar is Mandjiebal (netbal) waaraan die dogters kan deelneem in kwartaal 1 en 2.
- Ons Gr R’e neem deel aan ons jaarlikse kaskar kompetisie.
- Daar is Mini-krieket vir die seuns en dogters in kwartaal 3.
- Die Graad R’e neem deel aan die Konsert en het aan die einde van die jaar ‘n Graad R gradeplegtigheid.

Skryfbehoeftes

- Die benodigdhede word deur die skool aangekoop en as pakkette verkoop.

- Die pakket het in 2018 R500 gekos. Sodra die nuwe prys beskikbaar is sal ons u per SMS inlig.
- Dit moet by die skool aangekoop word.
- Die pakket moet in 2018 aangekoop word, sodat dit reeds op dag 1 in 2019 gebruik kan word. Ons sal u per SMS in kennis stel indien die pakkette beskikbaar is.

Ons bied

- 'n Kindervriendelike omgewing.
- 'n Waardegedrewe skool.
- 'n Skool met karakter en tradisie. In 2018 is ons skool 114 jaar oud.
- Gehalte onderrig.
- 'n Lae leerder-onderwyser verhouding 1:30
- Groot speelplek en speelapparaat. Speelapparaat wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van groot motoriese vaardighede.
- Uiters bekwame onderwyseresse.
- Gratis buitemuurse aktiwiteite bv. Bulletjie Rugby, Mini-Krieket, Konsert en Landloop.
- Buitemuurse aktiwiteite teen vergoeding op die perseel soos tennis, skaak, Kumon, dansklasse en rekenaarklasse.
- Pragtige skoolterrein en fasiliteite.
- Netjiese skoon kleedkamers.

SKRYF U KIND NOU IN BY GRAAD R VIR GEHALTE ONDERRIG. U KIND SAL OOK DAN DIE DAAROPVOLGENDE JAAR MAKLIK INSKAKEL BY GRAAD 1.